[15]

2 MAART 1992

DIE SEKRETARIAAT
KODESA
VIR AANDAG: DR Z DE BEER

**I.S. GRONDWETLIKE RIGLYNE VIR 'N OORGANGS- SOWEL AS 'N NUWE GRONDWET**

Geagte Dr de Beer

Hierby aangeheg vind u 'n memorandum, soos versoek, t.o.v. grondwetlike riglyne vir 'n oorgans- sowel as 'n nuwe grondwetlike bedeling wat deur die Ruiterwag in 1989 goedgekeur is.

Ons vertrou dat u diè beginsels van praktiese waarde sal vind.

Vriendelike groete
Die uwe

HOOFSEKRETARIS

✉ 91153. AUCKLAND PARK 2006

# PERSVERKLARING EN INSET AAN KODESA: RUITERRAAD

**VOORWAARDES VIR TUSSENTYDSE REGERINGSMAATREëLS**

**1 INLEIDING:**

Ten einde die pas van evolusionêre staatkundige ontwikkeling 'n stap verder te voer, is dit duidelik dat KODESA oorweeg om sekere tussentydse maatreëls te tref vir die fase tussen nou en die uiteindelike aanvaarding van 'n finale grondwet vir Suid-Afrika. Die RW is van mening dat dieselfde staatkundige beginsels wat by die ontwerp van 'n finale grondwet ter sprake is, ook van toepassing is by die daarstel van tussentydse reëlings, in besonder by die totstandkoming van 'n oorgangsregering.

Die RW stel as uitgangspunt die volgende breë staatkundige doelwit:

> **Die daarstelling van 'n demokratiese staatkundige bedeling waarbinne elke Suid-Afrikaanse burger se individuele regte beskerm word en elkeen op alle vlakke van regering effektiewe deelname en medeseggenskap het in alle owerheidsbesluite wat hom raak sonder dat dominasie plaasvind.**

**2 STAATKUNDIGE BEGINSELS:**

Die RW is van mening dat die volgende staatkundige beginsels in ag geneem en gereflekteer moet word in die skep van oorgangsmaatreëls. Die wyse waarop die beginsels in 'n model vervat word, moet onderhandel word.

2.1 Algemene stemreg op 'n enkele kieserslys aan alle Suid-Afrikaanse burgers bo die ouderdom van 18 jaar.

2.2 Die erkenning en akkommodering van die kulturele verskeidenheid in Suid-Afrika. Daardeur word nie gesê dat etnisiteit verabsoluteer moet word nie, maar bloot betoog dat die realiteit van 'n verskeidenheid kultuurgroepe erkenning moet kry. Dit impliseer onder meer 'n stelsel van magsdeling waardeur minderhede by wyse van politieke partye en voortdurende raadpleging met die georganiseerde gemeenskap, effektiewe deelname in die regeringsproses verkry.

2.3 Die erkenning en beskerming van basiese individuele regte en vryhede. Ten minste die volgende basiese regte verlang beskerming:
- -reg op vryheid van geloof en aanbidding;
- -reg op vryheid van spraak;
- -reg op vrye assosiasie;
- -reg op privaatheid;
- -reg op vrye politieke deelname;
- -reg op vryheid van beweging;
- -reg op vryheid van taal en kulturele beoefening;
- -reg op privaat eiendomsreg;
- -vrye toegang tot die regbank;
- -reg op moedertaalonderrig in skole. Die reg tot moedertaalonderrig bring onder andere mee dat rasgebaseerde onderrig reeds in die interim, uitgefaseer moet word.

Hierdie en ander basiese individuele regte behoort beliggaam te word in 'n handves van menseregte wat grondwetlik verskans word. Die RW glo dat die spoedige aanvaarding van 'n handves van menseregte selfs in die interim, nie net 'n noodsaaklike stap in die evolusionêre staatkundige hervormingsproses is nie, maar dat dit 'n belangrike bydrae tot stabiliteit en regsekerheid tydens die oorgangsfase kan lewer.

2.4 Die erkenning van 'n veelpartystelsel waardeur verseker word dat 'n verskeidenheid partye aan 'n oorgangsregering deel kan hê.

2.5 'n Geskrewe grondwet wat verskans is teen willekeurige wysiging, moet die samestelling en bevoegdhede van regeringsinstellings, die verspreiding en verdeling van gesag onder die verskillende outonome regeringsinstellings en die verhouding tussen die owerheid en individue uiteensit.

2.6 Die skeiding van magte tussen die wetgewende, uitvoerende en regsprekende gesag.

2.7 Die instandhouding van 'n onafhanklike regbank is nie net van wesenlike belang by 'n uiteindelike konstitusionele bedeling nie, maar kan in die oorgangsfase 'n belangrike rol speel om regsekerheid te bring en toesig te hou oor die instandhouding van die handves van menseregte.

2.8 Ten einde billike en regverdige regspleging te verseker, benadruk ons die belang van toeganklikheid van die regsproses in die breë. Omvattende hulpprogramme moet gevolglik ingestel word ten einde individue by te staan in die beskerming van hul regte.

2.9 Die RW dring daarop aan dat die status van Afrikaans in die oorgangsproses, sowel as in 'n nuwe grondwet behoue moet bly.

**3 STAATKUNDIGE TEGNIEKE:**

Verskillende staatkundige tegnieke kan gebruik word om die effektiewe deelname van alle politieke groeperinge aan besluitneming oor gemeenskaplike sake op alle vlakke te realiseer. Die volgende tegnieke verdien ernstige oorweging:

3.1 'n Kiesstelsel gebaseer op proporsionele verteenwoordiging.

3.2 Besluitneming in die wetgewende gesag moet gebou wees op 'n stelsel van wigte en teëwigte om effektiewe deelname van al die politieke en ander groeperinge en in besonder minderhede te verseker.

3.3 Magsdeling in die uitvoerende gesag. Dit impliseer

onder meer dat die uitvoerende gesag uit verteenwoordigers van meer as een party en streek moet bestaan.

3.4 Devolusie van gesag na die laagste moontlike regeringsvlak ten einde meer effektiewe besluitneming en kommunikasie te bewerkstellig.

3.5 Die samestelling van die wetgewende gesag moet nie net die bevolkingsteun weerspieël nie, maar ook voorsiening maak vir die effektiewe deelname van die verskillende streke.

**4 EKONOMIESE BELEID:**

Die RW doen 'n ernstige beroep op KODESA om by die volgende byeenkoms in Maart 'n verklaring uit te reik waarin hulle 'n beroep op buitelandse investering doen.

In die oorgangsfase moet indringende aandag aan die ekonomie gegee word. 'n Stabiele en suksesvolle staatkundige bedeling moet gerugsteun word deur 'n sterk groeinde ekonomie. Die RW het hom verbind tot 'n markgerigte ekonomiese stelsel waarin vrye ondernemerskap en privaat eiendomsreg kan gedy. Buitelandse investering is voorts nodig om stukrag te verleen aan die ekonomiese groeiproses.

**5 DIE WIL VAN DIE MENSE:**

Hoe suksesvol onderhandelinge kan wees of welke tegnieke ter ondersteuning van magsdeling ook al aanvaar kan word, sal 'n nuwe grondwetlike bedeling nie kan slaag as die burgers nie die wil het om dit te laat slaag nie. Dit is ten eerste nodig dat daar 'n akkommoderende benadering by die meerderheid mense in Suid-Afrika sal posvat. Dit bring mee dat kiesers ingelig moet wees oor staatkundige hervorming. Daarom doen die RW 'n dringende beroep op die deelnemers aan Kodesa asook op ander politieke partye om hul ondersteuners in belang van 'n nuwe en vreedsame Suid Afrika op hoogte te hou van die ontwikkelinge op die staatkundige terrein.

Ons steun die loods van opheffingsprogramme wat daarop gemik is om historiese agterstande uit die weg te ruim. Sodanige programme moet nie op omgekeerde diskriminasie berus nie, maar moet poog om individue se talente maksimaal te ontwikkel.

**RUITERRAAD** voorstel